



WESKUS / WEST COAST
DISTRIKSMUNISIPALITEIT / DISTRICT MUNICIPALITY
U MASIPALA WESITHILI SASEWEST COAST

99^{STE} ALGEMENE RAADSVERGADERING / 99th GENERAL COUNCIL MEETING
21 JANUARIE 2019 / 21 JANUARY 2019

ITEM 19/01/21/8.1.1.1

BEPALING VAN SKALE EN LIMIETE TEN OPSIGTE VAN SALARISSE, TOELAES EN VOORDELE VAN DIE ONDERSKEIE LEDE VAN DIE MUNISIPALE RAAD VIR DIE 2018/2019 FINANSIËLE JAAR (4/2/1)

DETERMINATION OF THE UPPER LIMITS OF THE SALARIES, ALLOWANCES AND BENEFITS OF THE DIFFERENT MEMBERS OF MUNICIPAL COUNCILS FOR THE 2018/2019 FINANCIAL YEAR (4/2/1)

1. Dat die volgende skale en limiete soos bepaal per Staatskoerant Kennisgewing 42134 gedateer 21 Desember 2018 goedgekeur word met ingang 1 Julie 2018:
- Uitvoerende Burgemeester (Voltyds) R 859 471
 - Uitvoerende Onderburgemeester (Voltyds) R 687 575
 - Speaker (Voltyds) R 687 575
 - Lede van Uitvoerende Komitee (Voltyds) R 644 603
 - Voorsitter van Artikel 79 komitee (Deeltyds) R 349 055
 - Raadslid (Deeltyds) R 271 990

That the following upper limits as determined in Government Gazette 42134 dated 21 December 2018 be approved with effect 1 July 2018:

- Executive Mayor (Full-time) R 859 471*
- Deputy Executive Mayor (Full-time) R 687 575*
- Speaker (Full-time) R 687 575*
- Members of the Executive Committee (Full-time) R 644 603*
- Chairperson of a Section 79 Committee (Part-time) R 349 055*
- Councillor (Part-time) R 271 990*

2. Dat die volgende toelaes aan direk verkose raadslede betaal word met ingang 1 Julie 2018:
- Sellulêre foon R 3 400 per maand
 - Data bundel R 300 per maand

That the following allowances be paid to directly elected councillors with effect 1 July 2018:

- Cellular phone R 3 400 per month*
- Data bundle R 300 per month*

3. Dat die goedkeuring van die Lid van die Uitvoerende Komitee vir Plaaslike Regering in die Provinsie verkry word; en

That the concurrence of the Member of the Executive Council for Local Government in the Province be obtained; and

4. Dat die goedkeuring van die Lid van die Uitvoerende Komitee vir Plaaslike Regering in die Provinsie eers verkry word, alvorens die verhoogde besoldiging en terugwerkende betaling betaal word.

That the increased remuneration and back-pay become payable once the concurrence of the Member of the Executive Council for Local Government in the Province be obtained.

ITEM 19/01/21/8.1.1.2

ONREËLMATIGE UITGAWE REGSKOSTE (4/2/1)

IRREGULAR EXPENDITURE LEGAL FEES (4/2/1)

1. Dat die uitgawe beskou word as onreëlmatig; en

That the expenditure be regarded as irregular; and

2. Dat die uitgawe ten bedrae van R 1 141 680 in terme van Artikel 32(2)(b) van die MFMA beskou word as oninvorderbaar en aanbeveel word vir afskrywing deur die Raad.

That the expenditure amounting to R 1 141 680 in accordance with Section 32(2)(b) of the MFMA be declared to be irrecoverable and recommended to be written-off by Council.

ITEM 19/01/21/8.1.1.2

OORSIGVERSLAG VAN DIE JAARVERSLAG 2017/2018 (3/45; 10/3/2/3/36)

OVERSIGHT REPORT OF THE ANNUAL REPORT 2017/2018 (3/4/5; 10/3/2/3/36)

1. Dat die Raad die 2017/2018 Jaarverslag van die munisipaliteit oorweeg en die Oorsigverslag ingevolge Artikel 129 (1) van die Munisipale Finansiële Wet, Wet 56 van 2003 aanvaar;

That the Council having considered the 2017/2018 Annual Report of the municipality, adopts the Oversight Report in terms of Section 129 (1) of the Municipal Finance Management Act, Act 56 of 2003;

2. Dat die Jaarverslag 2017/2018 goedgekeur word ingevolge Artikel 127 van die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuurswet (Wet no 56 of 2003) sonder voorbehoud;

That the Annual Report 2017/2018 be approved in terms of Section 127 of the MFMA (Act no 56 of 2003) without reservations;

3. Dat terugvoering op kwessies gerig aangaande die 2017/2018 Jaarverslag hersien word en die kennis geneem word van die status van die implementering van regstellende aksies om hierdie kwessies te adresseer indien enige;

That feedback on issues raised pertaining to the 2017/2018 Annual Report review and the status on the implementation of corrective actions to address these matters, if any, be noted;

4. Dat kennis geneem word van die status op die adressering en vordering van kwessies wat gelig was deur die Ouditeur-Generaal indien enige;

That the status on progress made in addressing the 2017/2018 issues raised by the Auditor-General, if any be noted;

5. Dat gereelde terugvoering voorsien word aan die MPAC op die aksies soos geïmplementeer / geneem om bogemelde aspekte te adresseer indien enige;

That regular feedback be provided to the MPAC on the actions implemented/taken to address above aspects if any;

6. Dat die 2017/2018 Oorsigverslag van Weskus DM bekend gemaak word ingevolge Artikel 129 (3) van die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuurswet (Wet no 56 of 2003); en

That the 2017/2018 Oversight Report of the West Coast DM be made public in terms of Section 129(3) of the MFMA; and

7. Dat die Oorsigverslag en die Jaarverslag van 2017/2018 voorsien word aan die relevante staatsdepartemente ingevolge Artikel 132 (2) van die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuurswet (Wet no 56 of 2003).

That the Oversight Report and Annual Report for the 2017/2018 financial year be submitted to the Provincial Legislature in terms of Section 132(2) of the MFMA.

ITEM 19/01/21/8.2.1.2

VUL VAN VAKATURES OP KOMITEES (3/1/1/3)

FILL OF VACANCIES ON COMMITTEES (3/1/1/3)

1. Dat raadsbesluit van 01 September 2016, Item 14 – Instelling van komitees/aanwys van afgevaardigers van die Raad - MPAC (“Municipal Public Accounts Committee”), herroep word;

That council resolution of 01 September 2016, Item 14 - MPAC (Municipal Public Accounts Committee) on the list of committees, be recalled;

2. Dat Rdl J Hoop aangestel word as Voorsitter van die MPAC;

That Cllr J Hoop be appointed as Chairperson of the MPAC;

3. Dat die MPAC uitgebrei word met die volgende twee lede:

- a) Rdl M Schrader
- b) Rdl BJ Penxa

That the MPAC be extended with the following two members:

- a) Cllr M Schrader
- b) Cllr BJ Penxa

4. Dat Rdl J Alexander aangestel word as lid van die komitee;

That Cllr J Alexander be appointed as member on the committee;

5. Dat Rdl J Botha aangestel word as secundi op die MPAC; en

That Cllr J Botha be appointed as secundi on the MPAC; and

6. Dat die gewysigde lys van vakatures op komitees goedgekeur word.

That the amended list of vacancies of committees be approved.

ITEM 19/01/21/9.1.1.1

ARTIKEL 72 BEGROTING- EN PRESTASIE EVALUERINGSVERSLAG VIR DIE MID-JAAR EINDE: 31 DESEMBER 2018 (15/16/2/1)

SECTION 72 BUDGET AND PERFORMANCE ASSESSMENT REPORT FOR MID-YEAR ENDING: 31 DECEMBER 2018 (15/16/2/1)

Kennis geneem / *Noted*

ITEM 19/01/21/9.1.1.2

ARTIKEL 52(d) VAN DIE MFMA: TWEEDE KWARTAAL TOPVLAK DIENSLEWERINGSBEGROTING IMPLEMENTERINGSPLAN (SDBIP) PRESTASIEVERSLAG: OKTOBER - DESEMBER 2018 (15/16/2/1)

SECTION 52(d) OF THE MFMA: SECOND QUARTER TOP LEVEL SERVICE DELIVERY BUDGET IMPLEMENTATION PLAN (SDBIP) PERFORMANCE REPORT: OCTOBER - DECEMBER 2018 (15/16/2/1)

Kennis geneem / *Noted*